



Dow AgroSciences

CONFRONT™ 360 SL



HERBICIDE

REG. NO. L7314, ACT NO. 36 of 1947 / REG. NR. L7314, WET NR. 36 van 1947
N-AR 0932
W130550

A SYSTEMIC WATER SOLUBLE CONCENTRATE HERBICIDE FOR THE CONTROL OF WOODY PLANTS AND WEEDS AS LISTED FOR FORESTRY, GRASS PASTURES, CONSERVATION AND INDUSTRIAL AREAS.

'N SISTEMIESE WATER OPLOSBARE KONSENTRAAT ONKRUIDDODER VIR DIE BEHEER VAN HOUTAGTIGE PLANTE EN ONKRUIDE SOOS AANGETOON IN BOSBOU, GRASWEIDINGS, BEWARINGS- EN NYWERHEIDSGBIEDE.

HERBICIDE GROUP CODE

O

ONKRUIDDODER GROEPKODE

**BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY/
LEES ETIKET NOUKEURIG VOORDAT HIERDIE PRODUK GEBRUIK WORD.**

Active Ingredients/ Aktiewe Bestanddele

Triclopyr (Pyridine Compound) 270 g/λ a.e./s.e.	Triklopir (Piridienverbinding) (as triethylamine salt) (as tri-etiesamiensout)
Clopyralid (Pyridine Compound) 90 g/λ a.e./s.e.	Klopiralied (Piridienverbinding) (as tri-etiesamiensout)


NET VOLUME

NETTO VOLUME

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER
DOW AGROSCIENCES SOUTHERN AFRICA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1967/007147/07
PRIVATE BAG X160 PRIVAATSAK
BRYANSTON 2021

*Trademark of/ Handelsmerk van Dow AgroSciences

BATCH NO.



..... LOT NO.

DATE OF MANUFACTURE.....

.. DATUM VAN VERVAARDIGING

UN NO: 3082

Tygerberg Poison Information Centre: (021) 931-6129
Griffon Poison Information Centre: +27(0)82-446-8946
24 Hour Emergency Tel No: (032) 533-0716/082-887-8079
Information Hotline Tel No: (012) 361-8112

CONFRONT*360 SL/2010-07-01



HARMFUL
SKADELIK



WARNINGS

- Poisonous by swallowing.
- Concentrate may cause severe irritation to eyes.
- May cause allergic skin reactions.
- Store in a cool place.
- Slightly toxic to aquatic invertebrates.
- Store away from food, feed, seed, other agricultural chemicals and out of reach of children, uninformed persons and animals.
- In case of poisoning, call a doctor and show him/her this label.

RE-ENTRY: Do not enter treated field within 1 day after application unless wearing protective clothing.

Aerial application: Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration.

Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Wear protective gloves and face shield or safety glasses when handling the concentrate.
- Do not breathe fumes or spray mist.
- Wash contaminated clothing daily.
- Wash with soap and water after accidental skin contact. Avoid eye contact. In case of eye contact, flush eyes with clean water.
- Do not eat, drink or smoke whilst applying, mixing or before washing hands and face and change of clothing.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or areas not under treatment.
- Clean the spray applicator with a 1 % solution of household ammonia before using with other products. Allow the solution to stand in the spray tank for several hours but preferably overnight. Rinse at least twice with clean water. This applicator should not be used for applying products other than herbicides. Dispose of wash water where it will not contaminate food, grazing, rivers or dams.

- Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container by perforation and flattening and NEVER use for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

Use restrictions

To prevent damage, do not permit drift, vapour or spray mist to come into contact with sensitive broadleaf crops, fruit or ornamentals. Apply the product strictly in accordance with the application directions. Do not contaminate any water body.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING:

There are no specific signs of poisoning, The concentrate may cause severe eye irritation. Prolonged or repeated skin contact may cause allergic reactions in some individuals. Ingestion of large amounts may cause gastrointestinal irritation. Single exposure to vapours is not likely to be hazardous.

FIRST AID TREATMENT:

Eyes: Irrigate with clean flowing water for 15 minutes. Seek medical advice.

Skin: Remove contaminated clothing. Rinse affected area thoroughly with clean running water.

Ingestion: In case of accidental ingestion, do not induce vomiting. Give 1 or 2 glasses of water or milk to drink. Do not give anything by mouth to an unconscious person. Seek medical attention.

Inhalation: Remove patient to fresh air if effects occur. Seek medical advice.

NOTE TO PHYSICIAN:

No specific antidote. Treatment should always be symptomatic. If lavage is performed, suggest endotracheal and / or oesophagoscopy control

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed

Compatibility

CONFRONT* 360 SL is compatible with **ACTIPRON SUPER****.

Mixing

For foliar applications, half fill the spray tank with water and add the required quantity of **CONFRONT* 360 SL**. While filling the spray tank add ACTIPRON SUPER at the rate indicated below while maintaining constant agitation.

Application

A. AERIAL APPLICATION

Aerial application of **CONFRONT* 360 SL** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SABS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 to 35 litre per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aurally at a lower volume rate than recommended above.
- Droplet coverage: 30 to 40 droplets per cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 300 to 350 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
 - - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

THE WIND SPEED AND DIRECTION AT THE TIME OF APPLICATION WILL DETERMINE THE DISTANCE WHICH MUST SEPARATE THE CLOSEST EDGE OF THE AREA TO BE SPRAYED FROM SUSCEPTIBLE PLANTS AND CROPS.

WIND SPEED km/h	AERIAL APPLICATION
2 - 15	2,0 km downwind 2,0 km crosswind 1,0 km upwind
Above 15	Prohibited

B. FOLIAR APPLICATION

Use only on actively growing plants with full leaf cover

- Apply as a full cover spray to leaves and stems to the point of spray solution run-off.
- Do not apply to foliage wet from rain or dew etc.
- Avoid spray drift onto non-target plants.
- Use a knapsack sprayer with a solid cone nozzle (eg. Spraying Systems TG-1, Delavan CE 1 or equivalent type) that will ensure an even coverage of the target area. Maintain a constant pressure of between 200 – 250 kPa.
- Rain 3 hours after application will have no effect on efficacy provided the spray has dried on the target plants.
- Prevent drift of spray mist onto desirable plants.

C. CUT STUMP

Apply to low cut stumps (10 – 20 cm high) preferably with a single cut surface.

- Apply preferably immediately after felling but definitely within 3 hours.
- **CONFRONT* 360 SL** should not be applied to the stump if the surface is wet from rain or dew.
- Apply as a coarse spray using solid cone nozzle tips (eg. Spraying Systems TG-1, Delavan CE 1 or equivalent type) at 100 kPa, low pressure.
- Do not exceed spray height of 20 cm above target. Do not apply if wind velocity exceeds 15 km/h (as measured by handheld wind recorder). The difference between the wet and dry bulb readings on a whirling hygrometer must not exceed 8 °C.
- Apply according to directions in the table below.

D. COMPLETE FRILL METHOD

- Using an axe, make horizontal, downward angled cuts through the bark to penetrate but not go deeper than into the sapwood. Immediately apply spray solution into every cut, taking care that it is not wasted on the bark. Cuts should be connected and made around the entire circumference of the trunk as close to the soil surface as possible. Re-treat as necessary.
- In the case of trees having multiple stems, treat each stem separately.
- Check for adequate sapflow and bleeding.

Warning:

If topkill is obtained but regrowth occurs from the crown, apply a herbicide, registered for the relevant species, as a foliar spray.

RATES AND METHODS

AERIAL APPLICATIONS

PLANT	RATE / hectare	REMARKS
<i>Acacia cyclops</i> (Red Eye)	3.0 λ (3 % mixture) +	Apply to actively growing trees up to 3-4 metres in height ensuring good coverage of the leaves.
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson)	2.0 λ Actipron Super	Extremely dense stands of trees may not receive sufficient spray coverage and a follow-up spray might be necessary.

FOLIAR APPLICATIONS

NOTE: ACTIPRON SUPER should be added at a rate of 500 mλ / 100 litres spray mix for all foliar applications.

PLANT	RATE / 100 λ WATER	REMARKS
<i>Acacia cyclops</i> (Red Eye) <i>Acacia longifolia</i> (Long-leaved wattle)	500 mλ (0,5 % mixture)	Apply to young actively growing trees (saplings) up to 2 metres in height until the point of run-off.
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson willow) <i>Acacia melanoxylon</i> (Blackwood)	700 mλ (0,7 % mixture)	
<i>Acacia mearnsii</i> (Black Wattle)	300 – 500 mλ (0,3 - 0,5 % mixture)	Use the lower rate for seedlings (smaller than 50 cm in height) and the higher rate for saplings. Apply until the point of run-off.
<i>Anredera baselloides</i> (<i>Madeira vine</i>)	500 mλ (0,5 % mixture)	Apply to actively growing plants until the point of run-off. Some re-growth may occur which will require a follow-up spray.
<i>Asclepias fruticosa</i> (<i>Shrubby milkbush</i>)	500 mλ (0,5 % mixture)	Apply to actively growing plants until the point of run-off.
<i>Chromolaena odorata</i> (<i>Triffid weed</i>)	500 mλ (0,5 % mixture)	Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off. Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.
<i>Cirsium vulgare</i> (<i>Scotch thistle</i>)	750 mλ (0,75 % mixture)	Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off.

PLANT	RATE / 100 λ WATER	REMARKS
<p><i>Eucalyptus grandis</i> (Saligna gum)</p> <p>Coppice application</p>	<p>1,25 λ (1,25 % mixture) or 0.75 λ + 1,5 λ Mamba 360 SL (0.75 + 1.5% mixture) or 0,75 λ + 1,1 λ Mamba Max 480 SL (0,75 + 1,1 % mixture)</p>	<p>Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off.</p> <p>Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.</p>
<p><i>Leptospermum laevigatum</i> (Australian myrtle)</p>	<p>2,0 λ (2,0 % mixture)</p>	<p>Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off.</p> <p>Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.</p> <p>Some re-growth may occur which will require a follow-up spray.</p>
<p><i>Paraserianthus lophantha</i> (Stinkbean)</p>	<p>300 mλ (0,3 % mixture)</p>	<p>Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off.</p> <p>Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.</p>
<p><i>Peuraria lobata</i> (Kudzu vine)</p>	<p>500 mλ (0,5 % mixture)</p>	<p>Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off.</p> <p>Some re-growth may occur which will require a follow-up spray.</p>

PLANT	RATE / 100 λ WATER	REMARKS
<i>Prosopis spp</i> (Mesquite)	1,0 – 1,5λ (1,0 - 1,5 % mixture)	Use the lower rate for seedlings (smaller than 50 cm in height) and the higher rate for coppice (regrowth). Apply until the point of run-off Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.
<i>Robinia pseudoacacia</i> (Black Locust)	2,0 λ (2,0 % mixture)	Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off. Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.
<i>Rubus cuneifolius</i> (American bramble)	700 mλ (0,7 % mixture)	Apply to actively growing plants until the point of run-off. Spray regrowth when ± 0,5 m high. Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.
<i>Solanum mauritianum</i> (Bugweed)	600 mλ (0,6 % mixture)	Apply to actively growing plants. Apply until the point of run-off. Plants too high for a good cover spray should be slashed and the regrowth sprayed when not less than 0,5 m high.

CUT STUMP

NOTE: ACTIPRON SUPER should be added at a rate of 500 ml / 100 litres final spray mixture for all cut stump applications.

PLANT	RATE / 100 λ WATER	REMARKS
<i>Acacia mearnsii</i> (Black wattle)	2.0 λ (2 % mixture)	Apply to low cut stumps (10 – 20 cm high) preferably with a single cut surface.
<i>Acacia melanoxylon</i> (Blackwood)	4.0 λ (4 % mixture)	Apply to complete cut surface of stumps with a diameter of less than 10 cm. Where multiple stumps are present, all cut surfaces must be treated. For bigger stumps, apply to the cambial region (sapwood) of the cut surface. In all cases, apply until the point of run-off.
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson willow)	2.5 λ (2.5 % mixture)	
<i>Chromolaena odorata</i> (Triffid weed)	2.0 λ (2 % mixture)	
<i>Eucalyptus grandis</i> (<i>Saligna gum</i>)	3.5 λ (3.5 % mixture)	In the event of some regrowth ,a follow-up spray as a coppice application with a registered herbicide may be required.
<i>Eucalyptus lehmannii</i> (<i>Spider gum</i>)	6.0 λ (6 % mixture)	
<i>Eucalyptus macarthurii</i> (<i>Woollybutt gum</i>)	12.5 λ (12.5 % mixture)	
<i>Eucalyptus sideroxylon</i> (Black Iron Bark)	12.5 λ (12.5 % mixture)	
<i>Melia azedarach</i> (Syringa)	3.0 λ (3 % mixture)	
<i>Prosopis spp</i> (Mesquite)	4.0 λ (4 % mixture)	
<i>Ricinus communis</i> (Castor Oil Plant)	2.0 λ (2 % mixture)	

COMPLETE FRILL

NOTE: ACTIPRON SUPER should be added at a rate of 500 ml / 100 litres final spray mixture for all cut stump applications.

PLANT	RATE / 100 λ WATER	REMARKS
<i>Eucalyptus lehmannii</i> (Spider gum)	6.0 λ (6 % mixture)	See COMPLETE FRILL METHOD under DIRECTIONS FOR USE above. Apply sufficient mixture to fill the frill without unnecessary wastage down the bark.
<i>Melia azedarach</i> (Syring)	3.0 λ (3 % mixture)	

CONFRONT* 360 SL controls trees and shrubs. Other trees and shrubs that were not present during the development trials with the product, may also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for unlisted trees and shrubs.

- N.B.** - In situations where more than one species of target plant occurs contact your local technical representative.
- For assistance in the calibration for spot treatments please contact your local technical representative.

** ACTIPRON SUPER (Mineral oil), Reg. No. L5506 Act No. 36 of 1947, is the Trademark of H&R GSP (Pty) Ltd.

24 HOUR EMERGENCY TEL. NO. (032) 533-0716

INFORMATION HOTLINE : TEL. NO.: (012) 361-8112

WAARSKUWINGS

- Giftig indien ingesluk word.
- Konsentraat mag ernstige irritasie van oë veroorsaak.
- Mag allergiese velreaksie veroorsaak.
- Effens giftig vir waterlewendende invertebrata.
- Berg in 'n koel plek.
- Berg weg van voedselware, voer, saad en ander landboumiddels en buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- In geval van vergiftiging ontbied 'n geneesheer en toon hierdie etiket aan hom/haar.

HERBETREDING: Moenie behandelde gebied binnegaan binne 1 dag na behandeling tensy beskermende klere gedra word nie.

Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die spuitnewel daarheen oorwaai nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings van die betrokke middel na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie.

Raadpleeg die verskaffer of die registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Dra beskermende handskoene en gesigskerm of veiligheidsbril wanneer die konsentraat hanteer word.
- Moenie dampe of sproeireën inasem nie.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Was onmiddellik met seep en water indien per ongeluk met die vel in aanraking kom. Vermy aanraking met die oë. In geval van oogkontak, spoel oë met skoon water uit.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging en toediening en alvorens hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
- Verhoed spuitstof wegdrywing na ander gewasse, weidings, riviere, damme of enige gebied wat nie behandel word nie.
- Maak spuittoerusting met 'n 1 % huishoudelike ammoniakoplossing skoon voordat ander plaagdoders daarmee gebruik word. Laat staan die oplossing in die spuittenk vir 'n paar uur, maar verkieslik oornag. Spoel ten minste twee keer met skoon water uit.

Hierdie spuittoerusting behoort nie gebruik te word vir die toediening van enige ander chemikalieë nie, behalwe onkruidodders. Gooi waswater weg waar dit nie voedsel, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.

- Spoel leë houers driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word deur gate daarin te maak en dit plat te druk en moet nie vir enige ander doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedselware, voer, drinkwater en eetgerei.

Gebruiksbeperkings

Om skade te voorkom, verhoed dat spuitnewel in aanraking kom met, of wegdryf na sensitiewe breëblaargewasse, vrugtebome of sierplante. Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe. Moet nie enige waterbron besoedel nie.

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING:

Daar is geen spesifieke tekens van vergiftiging nie. Die konsentraat mag ernstige oog irritasie veroorsaak. Verlengde en aanhoudende velkontak mag allergiese reaksies in sommige individue veroorsaak. Opneming van groot hoeveelhede mag maagderm irritasie veroorsaak. 'n Enkele blootstelling aan dampe sal nie noodwendig gevaarlik wees nie.

NOODHULPBEHANDELING:

Oë: Spoel uit met skoon lopende water vir 15 minutes. Verkry mediese advies.

Vel: Verwyder die besoedelde klere. Spoel besmette liggaamsdele deeglik met skoon lopende water.

Indien produk ingesluk is: In geval van toevallige inname, gee een of twee glase water of melk om te drink - moet nie die persoon laat braak nie. Niks per mond vir 'n bewustelose persoon. Verkry mediese advies.

Indien produk ingeasem is: Verwyder die persoon na 'n plek met vars lug. Verkry mediese advies.

NOTA AAN GENEESHEER:

Geen spesifieke teenmiddel. Behandeling simptome. Indien maagspoeling gedoen moet word, word endotracheale en/of esofagoskopie aanbeveel.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui

Mengbaarheid

CONFRONT* 360 SL is mengbaar met ACTIPRON SUPER**.

Vermenging

Vir looftoediening vul die spuittenk halfvol met water en voeg die benodigde hoeveelheid **CONFRONT* 360 SL** by. Vul die spuittenk dan verder met water en voeg ACTIPRON SUPER by teen die dosis soos aangedui hieronder, terwyl roering plaasvind.

Toediening

A. LUGTOEDIENING

CONFRONT* 360 SL kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 35 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.

Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word. Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

DIE WINDSPOED EN WINDRIGTING TYDENS TOEDIENING SAL DIE AFSTAND TUSSEN DIE NAASTE RAND VAN DIE GEBIED WAT BESPUIT MOET WORD EN DIE GEVOELIGE PLANTE EN GEWASSE BEPAAL.

WINDSPOED km/uur	LUGTOEDIENING
2 - 15	2,0 km windaf 2,0 km dwarswind 1,0 km windop
Meer as 15	Verbode

B. LOOFTOEDIENING

Wend slegs aan wanneer plante volle drag blare het en aktief groei.

- Dien toe as 'n volledige dekbepuiting op loof en stamme tot die punt van spuitstof afloop.
- Moet nie toegedien word wanneer blare nat is as gevolg van reën of dou ens.nie.
- Gebruik 'n rugsakspuit wat toegerus is met soliede keelspuitstukke (bv. Spraying Systems TG-1, Delavan CE 1 of soortgelyke spuitstukke) wat egalige benatting sal verseker. Handhaaf 'n konstante druk van 200 – 250 kPa.
- Na toediening sal reën 3 ure na toediening geen invloed op die effektiwiteit hê nie, indien die spuitstof op die teiken plant gedroog het.
- Verhoed spuitingstofwegdrywing na gewenste plante.

C. GEKAPTE STOMPESPUITING

Dien toe op laag gekapte stompe (10 – 20 cm hoog) verkieslik met 'n enkele gekapte oppervlakte.

- Dien toe verkieslik onmiddellik na afkap maar definitief binne 3 uur.
- **CONFRONT* 360 SL** moet nie toegedien word op stompe indien hulle nat is weens reën of dou nie.
- Dien toe as 'n growwe spuit deur gebruik van soliede keëlspuitstukke (bv. Spraying Systems TG-1, Delavan CE 1 of soortgelyke spuitstukke) en handhaaf 'n druk van 100 kPa, (lae druk).
- 'n Spuihoogte van 20 cm bokant die teiken moet nie oorskry word nie. Indien die windspoed hoër is as 15 km/u (soos bepaal deur 'n handwindmeter) moet die produk nie toegedien word nie. Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihigrometer bepaal moet nie meer as 8 °C wees nie.
- Dien toe volgens aanwysings vir stompe en gekapte stompbespuiting in tabel hieronder.

D. VOLLE RINGULERINGSMETODE

Maak horisontale, skuins kapwonde met 'n byl net deur die bas tot net in die splinthout van die boom. Dien onmiddellik van die spuitoplossing in elke kapwond toe. Sorg dat die spuitoplossing nie op die bas gemors word nie. Die kapwonde moet aaneenlopend om die volle omtrek van die stam, so na as moontlik aan die grondoppervlakte, gemaak word. Herbehandel indien nodig.

- In die geval van veelvuldige stamme moet elke stam afsonderlik behandel word.
- Maak seker dat die sapvloei voldoende maar nie oormatig is nie.

Waarskuwing:

As alle bogroei doodgemaak is, maar hergroei kom vanaf die kroon voor, dien 'n onkruidodder, geregistreer vir die relevante spesies, as 'n loofbespuiting toe.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE EN METODE VAN TOEDIENING

LUGTOEDIENING

PLANT	DOSIS / hektaar	OPMERKINGS
<i>Acacia cyclops</i> (Rooikrans)	3.0 λ (3 % mengsel) +	Dien toe op aktief groeiende bome tot 3 - 4 meter in hoogte en verseker egalige benatting van die blare.
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson)	2.0 λ Actipron Super	Baie digte boomstande mag miskien nie goeie bedekking kry nie wat 'n opvolg bespuiting mag benodig.

LOOFTOEDIENING

OPMERKING: ACTIPRON SUPER, moet ten alle tye vir alle looftoediening bygevoeg word teen 500 m λ / 100 liter finale spuitmengsel.

PLANTSOORT	DOSIS / 100 λ WATER	OPMERKINGS
<i>Acacia cyclops</i> (Rooikrans) <i>Acacia longifolia</i> (Langblaarwattel)	500 m λ (0.5 % mengsel)	Dien toe op jong aktief groeiende boompies, ("Saplings") tot 'n hoogte van 2 meter, tot die punt van afloop.
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson) <i>Acacia melanoxylon</i> (Swarthout)	700 m λ (0.7 % mengsel)	
<i>Acacia mearnsii</i> (Swartwattel)	300 m λ - 500 m λ (0,3 – 0.5 % mengsel)	Gebruik die lae dosis vir saailinge (kleiner as 50 cm in hoogte) en die hoër dosis vir jong boompies. Dien toe tot die punt van afloop.
<i>Anredera baselloides</i> (Madeira vine)	500 m λ (0,5 % mengsel)	Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop. 'n Mate van hergroei mag ontstaan wat 'n opvolg bespuiting sal benodig.
<i>Asclepias fruticosa</i> (Melkbos)	500 m λ (0,5 % mengsel)	Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.
<i>Chromolaena odorata</i> (Paraffienbos)	500 m λ (0,5 % mengsel)	Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop. Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.
<i>Cirsium vulgare</i> (Skotse dissel)	750 m λ (0,75 % mengsel)	Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.

PLANTSOORT	DOSIS / 100 λ WATER	OPMERKINGS
<p><i>Eucalyptus grandis</i> (Salignabloekom)</p> <p>Hergroei toediening</p>	<p>1,25 λ (1,25 % mengsel) of 0,75 λ + 1,5 λ Mamba 360 SL (0,75 + 1,5% mengsel) of 0,75 λ + 1,1 λ Mamba Max 480 SL (0,75 + 1,1 % mengsel)</p>	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.</p>
<p><i>Leptospermum laevigatum</i> (Australise mirt)</p>	<p>2,0 λ (2,0 % mengsel)</p>	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie</p> <p>'n Mate van hergroei mag ontstaan wat 'n opvolg bespuiting sal benodig.</p>
<p><i>Paraserianthus lophantha</i> (Stinkboon)</p>	<p>300 mλ (0,3 % mengsel)</p>	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie</p>
<p><i>Peuraria lobata</i> (Kudzu)</p>	<p>500 mλ (0,5 % mengsel)</p>	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>'n Mate van hergroei mag ontstaan wat 'n opvolg bespuiting sal benodig.</p>

PLANTSOORT	DOSIS / 100 λ WATER	OPMERKINGS
<i>Prosopis spp</i> (Suidwesdoring)	1,0 – 1,5λ (1,0 - 1,5 % mengsel)	<p>Gebruik die lae dosis vir saailinge (kleiner as 50 cm in hoogte) en die hoër dosis vir hergroei. Dien toe tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.</p>
<i>Robinia pseudoacacia</i> (Wit akasia)	2,0 l (2,0 % mengsel)	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.</p>
<i>Rubus cuneifolius</i> (Amerikaanse braam)	700 mλ (0.7 % mengsel)	<p>Dien toe tot die punt van afloop aan aktiefgroeiende plante. Spuit hergroei wanneer ± 0.5 m hoog is.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.</p>
<i>Solanum mauritianum</i> (Luisboom)	600 mλ (0,6 % mengsel)	<p>Dien toe op jong aktief groeiende plante tot die punt van afloop.</p> <p>Plante te hoog vir goeie spuitbedekking moet eers gekap word. Die hergroei word gespuit wanneer dit nie minder as 0,5 m hoog is nie.</p>

GEKAPTE STOMPESPUITING

OPMERKING: ACTIPRON SUPER, moet ten alle tye vir alle stompbespuitings bygevoeg word teen 500 ml / 100 liter finale spuitmengsel.

PLANTSOORTE	CONFRONT* 360 SL / 100 liter WATER	OPMERKINGS
<i>Acacia mearnsii</i> (Swart wattel)	2.0 λ (2 % mengsel)	Dien toe op laag gekapte stompe (10 – 20 cm hoog) verkieslik met 'n enkele gekapte oppervlakte. Dien toe op die hele gekapte oppervlakte vir stompe met 'n deursnee van minder as 10 cm. Waar veelvoudige stompe teenwoordig is, moet alle gekapte oppervlakte behandel word.
<i>Acacia melanoxylon</i> (Swarthout)	4.0 λ (4 % mengsel)	
<i>Acacia saligna</i> (Port Jackson)	2.5 λ (2.5 % mengsel)	
<i>Chromolaena odorata</i> (Paraffienbos)	2.0 λ (2 % mengsel)	Vir groter stompe, dien toe op die kambium gedeelte (splinthout). In alle gevalle, dien toe tot die punt van afloop. In die geval van hergroei mag 'n opvolgbespuiting met 'n geregistreerde onkruidodder benodig word.
<i>Eucalyptus grandis</i> (Salignabloekom)	3.5 λ (3.5 % mengsel)	
<i>Eucalyptus lehmannii</i> (Spinnekopbloekom)	6.0 λ (6 % mengsel)	
<i>Eucalyptus macarthurii</i> (Wolstambloekom)	12.5 λ (12.5 % mengsel)	
<i>Eucalyptus sideroxylon</i> (Swartysterbasbloekom)	12.5 λ (12.5 % mengsel)	
<i>Melia azedarach</i> (Sering)	3.0 λ (3 % mengsel)	
<i>Prosopis spp</i> (Suidwesdoring)	4.0 λ (4 % mengsel)	
<i>Ricinus communis</i> (Kasterolie plant)	2.0 λ (2 % mengsel)	

VOLLE RINGULERINGSMETODE

OPMERKING: ACTIPRON SUPER, moet ten alle tye vir alle ringuleringsmetode bygevoeg word teen 500 ml / 100 liter finale spuitmengsel.

PLANT	DOSIS / 100 λ WATER	OPMERKINGS
<i>Eucalyptus lehmannii</i> (Spider gum)	6.0 λ (6 % mengsel)	Sien "VOLLE RINGULERINGSMETODE" onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" bo. Dien genoegsame mengsel toe om slegs die ringuleeringswond te vul sonder oormatige oorloop op die bas.
<i>Melia azedarach</i> (Sering)	3.0 λ (3 % mengsel)	

CONFRONT* 360 SL beheer bome en struik. Ander bome en struik wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middel voorgekom het nie, kan ook in meerdere of mindere mate daardeur beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste bome en struik nie.

BELANGRIK:

- Wanneer meer as een ongewenste plant spesies voorkom, raadpleeg die plaaslike tegniese verteenwoordiger van die verskaffer.
- Vir hulp met kalibrasie by kolbehandeling raadpleeg die plaaslike tegniese verteenwoordiger van die verskaffer.

** ACTIPRON SUPER (mineraal olie) (Reg. Nr. L5506) Wet Nr. 36 van 1947, is die handelsmerk van H&R GSP (Edms) Bpk.

24 UUR NOODGEVAL TEL. NR. (032) 533-0716

TEGNIесе NAVRAE/INLIGTING TEL. NR. (012) 361-8112